Donderdag 28 September
Skrifgedeelte: Hebreërs 10:11-31
Fokusgedeelte: Hebreërs 10:17, 27

Hoe dikwels dink God aan jou sonde?

Wat was die effek van 'n diereoffer? Ons moet besef dat offers nie vir God gevoed het soos wat die heidene gereken het die doel van hulle offers was nie. Die offers moes vir die mens preek. *Ek doen sonde. Ek moet sterf. Ek wil nie sterf nie, daarom maak ek die dier dood in my plek!*

Die offer moes 'n effek op die mens gehad het. Hy moes dink vóór hy weer sonde doen. Dit kos geld. Dis sommer baie geld om vandag 'n skaap te verloor. Hierdie dink voor ek sonde doen, is deel van die bekering van die mens: Ek moet *weet* wat my sonde is en *ophou* om die sonde te doen.

Dan sondig ek weer. En weer. En weer. Let op die verskil tussen die vertalings *sondig* (1933/53), *bly sondig* (1983) en *willens en wetens sondig* (DV). Daar is sonde, voortgaande sonde en opsetlike sonde. Ek sondig op al drie wyses! Ek sondig.

Geen dier se bloed kan die sonde afwas nie. Net die offers van Jesus. In my plek.

Maak u oë toe. Sien jouself aan die kruis hang – dis wat jy verdien. Dan haal Jesus jou af en Hy word in jou plek gekruisig.

In die nagmaalviering hoor ons *die volkome versoening vir al jou sonde*. Slegs dan dink God nie aan jou sonde nie.

Sing: Psalm 4:3 (1936)

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)